Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 2 Julie 1947. No. 31.

# Kleurling-Onderwyser Bepleit Onderwerping Van Blankes

**Die blanke heerskappy in Suid-Afrika is op die afdraend en nog nooit in die geskiedenis was die geleentheid so gunstig vir die nie-blankes om op te staan en heerskappy in Suid-Afrika te hê nie. Dit is die taal van E. C. Roberts in sy voorsittersrede van byna twintig getikte velle voor die Teachers' League of South Africa in Kimberley verlede week waarin hy nie-blanke heerskappy in Afrika bepleit het.**

Die huidige toestand in die buitewêreld is beslis in die guns van die nie-blankes, het hy gesê. Die Britse mag en die „wit' beskawing in die Weste is gedoem om te val. Die opkomende kragte kan nie meer teengehou word nie. Hy het verwys na die stroom van gebeurtenisse in Asië. Dit is nog alleen Amerika wat oorbly en hy sal nie in staat wees om die magte wat nou in Rusland, Indië, China, die Oos-Indiese Eilande en Afrika organiseer, teen te hou nie.

Hy het gesê dat dit nou die tydperk van hoop vir die nie-blankes in Afrika is. Die kragte van die mensdom is aan die kant van die nie-blankes. Die blanke beskawing is gedoem, en sy oorheersing sal spoedig end kry.

HOOP OP OOSTE

„Kan die voorvegter van die blanke beskawing in Afrika . . . veldmaarskalk Smuts . . . die opmars van die tyd keer? Kan hy die opkomende magte van Rusland, Indië en die oorseese gekleurde gemeenskappe en die nie-blankes in Afrika, insluitende Egipte, teenhou — die magte wat teen hom beweeg om die onderdrukking hier in Afrika, veral Suid-Afrika, te beëindig?"

„Toe hulle Hitler vernietig het, het hulle die sterkste mag vir die handhawing van 'n blanke oorheersing in die wêreld vernietig. Ons nie-blankes sien dit en moet ons self voorberei, net soos in Indië om die heerskappy in Suid-Afrika oor te neem."

„LEIDING"

Roberts het betoog dat die toekoms van die land in die hande van die onderwysers is en dat hulle leiding moet gee soos in Indië.

Wat hierdie onderwyser-voorsitter bepleit, is natuurlik niks nuuts te midde van die kommunistiese propaganda nie. Dit is wel nuus om te verneem dat hierdie dinge in onderwyserskringe wat uit blanke belastinggelde besoldig word, gepropageer word en dat kleurlingskole blykbaar nou vir hierdie soort „leiding" ingespan gaan word.

Die Administrateur het verklaar dat Roberts niks gesê het wat optrede teen hom regverdig nie.

# Rhodesië Vrees Swart Oorheersing

**Die Rhodesiese eerste minister het 'n waarskuwing aan die inwoners van Rhodesië gerig dat dit nie onmoontlik is dat die helfte van die parlementslede oor dertig jaar naturelle sal wees nie, omdat die land deur naturelle-kiesers oorheers sal word.**

Die Rhodesiese kieswet maak voorsiening dat elke Britse onderdaan wat ses maande in Rhodesië is, en honderd pond per jaar verdien, 'n stemgeregtigde burger is. Tot onlangs was daar net 126 naturelle-kiesers geregistreer. Daar word verwag dat die getal tans 6,000 is.

Verskeie kommissies is benoem om die saak te ondersoek en 'n oplossing te probeer vind. Hulle is egter hopeloos verdeel oor die oplossing. Die gedagte is om die naturelle op aparte kieserslyste te plaas. Die vraag is egter of Engeland hiermee sal instem. Die saak het reeds in die Britse laerhuis te berde gekom, en onthutsing is oor die voorstel uitgespreek.


## Telewonder Vervang Telefoon

'n Verbindingstelsel wat as 'n algehele omwenteling beskou word en waardeur 'n miljoen woorde per minuut gestuur kan word, is deur die Amerikaners aangekondig.

Gewone telefoongesprekke, telegramme, tjeks, foto's, koerante, tydskrifte en besigheidstukke sal tegelyk met die stelsel gestuur kan word. Dit sal ook die droom van rolprente in die huis en radiokoerante nader aan verwesenliking bring. Die ontwikkeling staan in verband met televisie.

## Kantsoenering Se Kerkhof

**Soos 'n bespotting vir die regering se mislukte rantsoeneringskema wat die land byna 'n kwart miljoen pond gekos het, pryk hierdie uithangbord (met sy verdraaide Afrikaanse spelling) by die ingang van die eertydse voedselkantore in Kaapstad waar die koepons uitgereik is. Blanke vroue moes hier ure lank saam met nie-blankes in toue hul beurt afwag. Botter en seep is vandag skaarser as toe.**



**Die grootste gedeelte van hierdie houthutte waarin die rantsoeneringskantore gesetel het, staan tans leeg. Slegs 'n baie klein gedeelte van die paar vyftig-tree-lange hutte word deur vier voedselinspekteurs in beslag geneem. Niemand weet blykbaar wat van hierdie leë kantore gaan word nie.**

# ‚Bitter Teleurgestel Met Immigrante'

## NATALSE FABRIEK KLA OOR SLEGTE INVLOED

**Rooi Natal is diep teleurgestel met die eerste immigrante uit Brittanje, en meer as een onderneming wat hom beywer het vir die invoer van sogenaamde Engelse vakmanne, het reeds aan die pers te kenne gegee dat hulle klaar is met hulle. Nie net het hierdie immigrante hul werkgewers lelik in die steek gelaat deur hul ontrou of onbekwaamheid nie, maar hulle het 'n uiters slegte invloed op die ou werkers gehad, volgens die verklaring van een firma**

Baie firmas wat aan die 1820 Settlers Association, wat hom vir Britse immigrasie beywer, waarborge in die verlede gegee het, het hul waarborge teruggetrek na hul eerste ondervinding met die immigrante wat hulle aan werk gehelp het, na in die Engelse pers berig word.

'n Durbanse fabriek wat weer deur die organisasie genader is, se antwoord was: „Ons is jammer, maar ons gaan nie 'n verdere waarborg gee nie. Ons moet sê dat ons bitter teleurgestel is met die immigrante wat ons totsover gehad het. Ons het ons bes gedoen om hulle tegemoet te kom en dit vir hulle gerieflik te maak, maar ons het nog net twee oor. Al die ander het ons verlaat of moes deur ons in die pad gesteek word. Hulle het 'n uiters verwarrende invloed op die ander lede van ons personeel gehad.

„Hulle moet baie verkeerd ingelig wees omtrent Suid-Afrika. Hul enigste doel skyn te wees om soveel geld as moontlik te maak vir so min arbeid as moontlik."

SWARTMARK

Ander werknemers kla ook dat die immigrante misbruik maak van hul waarborge net om in die land te kom en dan hul eie koers te gaan. 'n Pietermaritzburg kontrakteur het na baie moeite om 'n sekere vakman saam met sy gesin uit te kry die voorreg gehad om hom elf dae in sy diens te hê, en wel nadat hy uit sy pad gegaan het om vir hom 'n huis te kry. Hy het eenvoudig sy dankbaarheid betuig met 'n kennisgewing na elf dae dat hy 'n ander werk gekry het.

Inmiddels is in n Engelse koerant in Johannesburg ook gewaarsku teen 'n sekere tipe immigrant, die sogenaamde „Spiv," wat nou na Suid-Afrika kom met die hoofsaaklike doel om hom op die swartmark toe te lê „waarvan hulle 'n langdurige ondervinding in die buiteland opgedoen het."

## Rusland Gee Wapens

Hoe Rusland besig is om oorlog te stook en aan te moedig blyk uit die verklaring van 'n vooraanstaande beampte van die Chinese departement van verdediging dat Rusland 600,000 uit die 800,000 gewapende kommuniste in China van wapens voorsien.

Hy het daaraan toegevoeg dat die Russiese militêre raadgewers help met die beplanning van die strategie in Mantsjoerye.

## Ierland Se Status

Die status van Ierland is dié van 'n republiek wat met die Britse Statebond saamwerk, het Eamon de Valera, eerste minister van Ierland verlede week verklaar. Hy het die bewering dat Ierland slegs voorgee om 'n republiek te wees, ontken. ......

## Wil Nie Botter Hê

Die Amerikaanse regering het die Unie 2,500,000 pond botter teen 3s. 9d. per pond aangebied. Weens die hoë prys van die botter het die Unie die aanbod van die hand gewys. 'n Vorige aanbod is ook van die hand gewys toe die prys as 3s. 4d. aangegee was.

## Miljoen Duitsers Grawe Atoomstof Vir Rusland

**Die Russe in hul besette deel van Duitsland is besig om die inwoners van daardie gebied te dwing om in die uraanmyne te werk. Om hierdie lot te ontvlug, stroom Duitsers uit daardie deel van Duitsland die Amerikaanse besettingsgebied binne. Oudsoldate is aangesê om hulle te laat registreer vir hierdie diens. Selfs die vroue is nie buite rekening gelaat nie en moet hulle aanmeld.**

**Persone wat na die Amerikaners gevlug het, verklaar dat daar ongeveer een miljoen Duitsers reeds in die myne werk. Die uraan word na Rusland vervoer, en word gebruik vir die vervaardiging van atoombomme.**

# DIE HOOGSTE VRYHEID

## 'n Verhaal Uit Die Stryd Van die Ondergrond

**Deur S. J. de Jongh**

SLOT

Dit was kort daarna dat hulle die swaar stewels van 'n bewaarder die gang hoor afkom en dat die seldeur oopgesluit word.

Die bewaarder het ingetree en kortweg aan Jaap gesê om hom na die besoeklokaal te volg; iemand het opgedaag wat hom wou spreek.

„Wie is dit, meneer?"

„Weet nie en dit raak my ook nie. Man met die naam van Du Toit. Maak gou, ek kan nie die heel dag op jou gerief wag nie."

Toe Jaap die seldeur in begeleiding van die bewaarder uit is en laasgenoemde die sleutel in die slot gedraai het, stoot Boet maar weer die komberse reg en gaan lê. Jaap sou later wel met die nuus terug kom; vir 'n gevangene was enige kontak met die buitewêreld nuus — nuus wat later gekou en geherkou sou word.

Dit was omtrent 'n halfuur later toe Jaap na die sel teruggebring word en die swaar deur agter hom weer op slot gesit word.

„Wat makeer — slegte nuus?" vra Boet met besorgde belangstelling, want sy maat se gesig het hom effens bleek voorgekom, bleek en gespanne.

„Slegte nuus! Slegte nuus! Liewe hemel, nee!" en Jaap trap eers op die een voet en dan op die ander, slaan met sy regtervuis in die linker palm en skep dan so 'n paar keer diep asem.

Sy opgewondenheid was onmiskenbaar . . . onmiskenbaar en ook aansteeklik.

Hy kyk Boet aan, sluk so 'n keer, en toe sê hy net weer: „Magtig, Boet!" en gaan sit op die opgerolde kombers.

„Wat makeer, man, wat makeer?"

„Boet, weet jy wie die besoeker was? Kan jy jou verbeel, Boet? Deon, man! Deon! Hy wat in elke polisiekoerant beskryf word en wat die enigste een van die ses is wat sedert daardie salige oomblik buitekant die poort van die Bloemfontein se tronk nog nooit weer in die hande geval het nie . . . hy!

„Hy, die enigste een wat nog in vryheid leef! En hoe gebruik hy daardie vryheid?

„Wragtie, Boet, in die leeu se bek kom hy, in die leeu se bek! So koel en so ongeërgd dat mens sou sweer die Pretoria-Sentrale Gevangenis 'n winkel is wat hy so terloops instap om 'n paar sokkies te koop."

Boet sit regop. „Deon? Hier in die Sentrale Gevangenis? Maar is hy dan gevang?"

„Nee, man, nie 'n gevangene nie — 'n besoeker!" sê Jaap en toe hy die verbysterde uitdrukking op Boet se gelaat sien voeg hy by: „Toemaar, moenie vir my glo nie, ou Boet, moenie vir my glo nie. Ek glo myself nie eens nie, en tog...ek het met hom gepraat en hom met my eie oë gesien, daar in die besoeker-lokaal van hierdie vervloekte gevangenis . . . met die bewaarder by die deur, daardie ou wat altyd ons moet dophou as iemand ons die maandelikse besoekie bring.

„Met my eie oë het ek hom gesien — hom en sy sigselwers," en Jaap lê plat op sy rug en skop met die voete so 'n paar keer in die lug.

„Boet, Boet, ek kan rondspring soos 'n ma'-mens . . . net van die pure vreugde . . . ek kan skreeu en jubel en swets en bollemakiesie slaan . . . alles kan ek doen . . . as ek net verseker wis dat hy weer veilig weggekom het!

„Hy wat uit vrye beweging en koelbloedig vir sy kamerade hier in die Pretoria-Sentrale Gevangenis kom besoek het — met sy beskrywing in elke polisiestasie!"

„Maar hoe . . .?"

„Nee, man, moenie my met te veel vrae verwar nie. Ek weet net dat hy ingekom het, dat hy met my gepraat het en my hand gedruk het. Of hy weer veilig uitgekom het weet die liewe hemel alleen — die liewe hemel en die vyand."

„Vertel, jong, vertel," eis Boet, en sy gesig verraai die ongeduldige spanning om van hierdie ongehoorde inbreuk op die roetine van die land se grootste gevangenis die laaste woord te hoor.

„Ja, eintlik moet ek dit ook weer aan myself vertel . . . om dit te kan besef," en Jaap maak sy lippe met sy tong nat.

„Nou ja, toe die meneer my hier uitgeneem het, het hy my die gang opgelei en net voor ons die gang by die oop hoffie uitkom wat binnekant die poort geleë is, sien ek 'n korterige skraal kêrel besig om sy naam in die groot boek te teken; sy rug was na my gewend en ek het nie geweet nie of hy nou my besoeker is of wie ook al.

„Vaag weg het sy rug vir my bekend gelyk maar die bewaarder het my verby gelei, oor die binnehoffie, deur die ander gang en die besoekkamer binne. Daar het hy my aan die diensdoende bewaarder oorhandig en ek het die paar mense in die besoeklokaal deur gekyk.

„Dit was enige gevangenes en hul besoekers — onder andere was Henk daar, sy nooientjie het hom kom besoek, en ook Kokkie met sy moeder. Verder niemand anders as ek en die bewaarder nie.

„Ek het so 'n paar tree van die deur af gestaan en toe hoor ek mense die gang afkom en 'n bewaarder verskyn met iemand wat hy ook aan die diensdoende bewaarder aflewer; die nuwe aankomeling stap die kamer binne."

Jaap slaan weer so met die vuis in die linker palm en sê: „Jong, as hy nie vir my geknik het nie en die hand uitgestrek het met die woorde, Dag Jaap ou neef ken jy my nog . . . Koos du Toit?' . . . as hy nie dit gedoen het nie dan sou die bewaarder by die deur aan my verblufte bakkies gesien het dat hier 'n neukery (of 'n verneukery) aan die gang is. Veral die knik van die oog wat Deon my gegee het — veral daardie knik het gehelp om my tot my positiewe te bring.

„Neef Koos, neef Koos', sê ek, nooit of te nimmer sou ek jou vergeet nie. As jy net wis hoe bly ek is om jou te sien, neef Koos . . . !'

„Al die tyd was ek so verbouereerd oor sy veiligheid dat dit hy was wat my na 'n sitplek in die kamer gelei het en nie ek vir hom nie; 'n sitplek wat nie te naby aan die diensdoende bewaarder was nie.

„Daar het ons gaan sit en ewe koel het Deon gesels en af en toe sy stem 'n bietjie laat sak as hy dinge wil sê wat nou nie onnodig van die daktoppe geskreeu hoef te word nie; onder meer, dat hy opgekom het na Pretoria omdat hy die onweerstaanbare drang gevoel het om sy kamerade in die Gevangenis weer op te soek en hulle met die besoek te oortuig dat, of die oorlog nou beëindig was of nie, die stryd daarbuite sekerlik nie gewonne gegee is nie.

„Op sy vraag of hulle hom nog soek het die oudjie net sy koue laggie gegee en gesê dat hy nie juis in alle staatsgeheime ingewy was nie maar daardie een het hy darem geweet. Ja, hulle soek hom nog steeds en wel met 'n verlange wat oortref word slegs deur sy eie verlange om uit hul hande uit te bly.

„Eintlik, voeg hy by, weet hy nie watter van die twee botsende verlangens — hul s'n of syne — bevredig gaan word nie want net toe hy by die poort ingelaat word toe kom die Superintendent die poort uit. Die Superintendent het geen teken gegee of hy hom herken het nie . . maar Deon wil nie stry dat die ontmoeting hom effens ongemaklik laat voel het nie."

„Maar dié ken hom mos! Die Superintendent was mos destyds Bestuurder van die Tronk waaruit julle ontsnap het," roep Boet verbysterd uit.

„Juis, vandaar dat Deon — soos hy erken — ‚ongemaklik' gevoel het. Hy weet nie of die Superintendent hom herken het nie en bloot die feit verberg het totdat hy buite is. Aangesien die hoof ons weke aaneen van aangesig tot aangesig elke oggend op die inspeksieparade in Bloemfontein Tronk gesien het is die moontlikheid van 'n wedersydse herkenning sekerlik nie uitgesluit nie.

„Ewewel, Deon het hom maar doodluiters gehou en na die groot boek agter die poort gedraai waar die bewaarder hom aangesê het om sy naam te teken.

„Daar het hy homself maar tydelik in Koos du Toit omgedoop en met groot graagte die nuwe naam in die boek aangeteken."

„Wel, dis nou verdomp!" sê Boet.

„Man, as dit net verdomp was dan sou ek minder onrustig voel," antwoord Jaap. „So dankbaar soos ek ook was vir hom dat hy met hierdie waaghalsigheid ons gewys het dat ons nie vergeet is nie (as ek 'n nooi was sou ek huil uit pure blydskap, Boet) so dankbaar soos ek ook was, net so onrustig en bekommerd het ek al die tyd gevoel oor die moontlikheid wat nou daar buitekant die gevangenis mag afspeel.

„Het die Superintendent, wat hom met die inkom verbygegaan het, hom herken en nou al die politieke speurders opgebel? flits my gedagtes; is die vangwa al op pad? Om Deon te kom vat . . . vir hom wat sy kop in die leeu se bek gesteek het net om sy kamerade te wys dat hulle nie agter die hoë mure vergete siele geword het nie!

„En elke keer as voetstappe die gang opkom, of as die bewaarder by die deur die gang afkyk dan voel ek of ek die bewerasie kan kry oor die gevaar waaraan hy homself so koelbloedig uitgelewer het.

„En al die tyd wat ek daar sit en oorkook van skone onrus sit die oudjie hoog en droog en sonder om 'n spier te verroer en praat van dit en van dat en van nog wat! So lief soos ek die klein swernoot het . . . net so Goddank bly was ek toe die bewaarder vir hom sê: U tyd is op, meneer, en hy, met 'n laaste handdruk, my stip in die oë kyk en omdraai deurtoe.

„En nou wil ek alles gee om te weet of hy veilig weg gekom het of nie."

Boet, wat in spanning geluister het, kon net hoop dat die speurders hom nie by die poort afgewag het nie . . . maar hierop kon Jaap geen sekerheid gee nie.

„Al wat ek wel weet is dat die Superintendent hom met die inkomslag gesien het. Gesien . . . ja, maar het hy hom herken?"

'n Oomblik swyg Jaap, toe kyk hy op en sê: „Wragtie, Boet, en dit doen hy net om ons te troos — met die daad te troos en nie net met die woord nie — dat al die mannemoed in die Beweging darem nog nie in die selle sit nie. Vir ons ontwil, nie vir syne nie, het hy hierdie leeu se bek ingestap!"

Ook Boet het 'n tydjie gesit sonder om te praat; toe antwoord Boet: „Man, met al die onsekerheid wat ons nou oor sy veiligheid kwel kan ons darem één gewisheid hê om te hou solank as wat ons lewe: die koelbloedige gewaagdheid van Deon — hy wat op die soeklys van elke polisiekantoor staan — wat vrywillig die poort van die grootste gevangenis in die Unie agter hom laat toeslaan net om sy maters te kan besoek . . . sowaar, Jaap, hierdie vrywillige gewaagdheid is 'n voorbeeld van die hoogste vryheid wat ek my kan voorstel."

(Aanstaande week verskyn 'n episode uit die lewe van voortvlugtiges).


**ELEKTRON Kontrakteurs**
(Eienaar: L. J. du Plessis, Bestuurder: A. J. de Klerk)

**— MEUBELS —**

● *Spesiale Afslag op ons reeds Lae Pryse vir Kontant by Bestelling*

**ELEKTRIESE GOEDERE (Alle 220-volt Lampe) EN HUISHOUDELIKE BENODIGDHEDE**

Sien ons Weeklikse Geklassifiseerde Advertensie vir Prysopgawes.

**KEEROMSTRAAT 18 (Foon 25060) KAAPSTAD**


# 'n Onafhanklike Blad — Welkom!

Byna al die Afrikaanse nuusblaaie in ons land dank hul ontstaan aan die behoefte van politieke partye of groepe aan 'n eie lyforgaan waardeur die eie besondere politieke strewe bevorder kan word. Hierdie feit lei noodwendig daartoe dat die Afrikaner van die vryheid en voorreg om 'n eie objektiewe oordeel oor die sake van die dag te vel, beroof word aangesien sy koerant hom die nuus slegs deur die bril van eie belang aanbied.

Hierdie toestand kan miskien voorheen geregverdig word deur die feit dat die individuele Afrikaner as gevolg van sy jeugdigheid nog nie oor genoegsame ervaring of kennis beskik om op eie houtjie 'n nugtere oordeel oor politieke en aanverwante sake daarop na te hou nie, dat hy self nie suiwer kan oordeel of 'n sekere beskouing tot sy nadeel of voordeel strek nie. Dit mag die posisie voorheen gewees het, daaroor oordeel ons nie.

Ons weet egter vandag dat ons volk in die afgelope tientaljare tot volwassenheid gegroei het en dat hy nie langer net met melk gevoed kan word nie. Die tyd vir vaste spyse het lank reeds aangebreek.

**Die puik Afrikaanse naweekblad „DAGBREEK" wat aan geen politieke party of groep verbonde is nie, is werklik die eerste produk van die Afrikaanse volwassenheid in die koerantwêreld en as sodanig verwelkom ons sy verskyning van harte.** Die vertroue wat „Dagbreek" in die Afrikaanse gemeenskap stel deur nuus sonder enige vooroordeel te verskaf, is na ons mening, ten volle geregverdig. Ons is oortuig daarvan dat hierdie eerste moedige stap om die Afrikanerdom as geheel te dien met groot welslae bekroon sal word. Ons kan ons lesers met vrymoedigheid aanbeveel om op „Dagbreek" in te teken.

Die eerste uitgawe wat verlede Saterdagaand sy verskyning gemaak het, is 'n treffende bydrae tot die Afrikaanse perswese en die uitgewers en redaksie verdien alle lof vir hul produk.

# Studente Verenig Kragte

**Aan die P.U.K. vir C.N.O., Potchefstroom, is die aand van 20 Junie oorgegaan tot die stigting van 'n nuwe nasionale studente-organisasie.** Die stigting van die organisasie, wat bekend sal staan as PANSO (die P.U.K. se Afrikaanse Nasionale Studente-organisasie) word beskou as 'n groot mylpaal in die studentelewe aan hierdie inrigting. Des te meer daar dit die enigste nasionale studente-organisasie sal wees as die plaaslike A.N.S. en A.S.B.-takke ontbind sal word, soos dan ook stellig verwag word. Albei genoemde twee organisasies het deur middel van hul besture in 'n onderhoud (met die wete van die studenteraad) hul sterk ten gunste van so 'n stap uitgespreek).

Die Grondwet van die Organisasie is vasgestel deur die interim-komitee wat bestaan uit drie lede van die A.N.S. en drie lede van die A.S.B. wat deur hul respektiewelike besture aangewys is.

Die bestuur van die organisasie is as volg deur die studente self gekies:

Mnre. J. J. van der Walt (voors.), L. D. J. Erasmus (ondervoors.), H. L. M. du Plessis (sekr.), S. L. Vorster (penningmeester), P. v. Z. Aucamp (organiseerder), B. Spoelstra, W. de Klerk, mejj. F. Venter, S. van Wyk.

## Heidelberg, K.P. Verloor 'n Moeder

By die ter perse gaan het die tyding van die dood van mev. S. Uys, moeder van komdt. N. J. Uys, Slangrivier, Heidelberg, die Gebiedskantoor bereik. Mev. Uys was 'n ywerige en getroue lid van die O.B. en die kommando het deur haar heengaan 'n gevoelige verlies gely. Innige meegevoel met haar eggenoot en kinders word hiermee betuig.

# EINDELIK

## 'N VRYE NUUSBLAD VIR DIE VOLK!

## Die koerant waarop u gewag het!!

Naweekblad

# Dagbreek

*'n Nuwe dag breek aan vir die Afrikaanse joernalistiek*

Onafhanklike

**Onbevooroordeelde beriggewing en beskouinge**

Volkome ongebonde deur seksionele belange van watter aard ookal.

- Dagbreek verskyn vanaf 29 Junie elke naweek in Johannesburg.
- Dagbreek bied u elke naweek 32 bladsye vol interessante nuus, foto's en sportberigte.

**Uitgewers: Dagbreek-Pers Beperk met PROF. L. J. DU PLESSIS as Voorsitter van die Direksie.**

- 'n Eersteklas Afrikaanse NAWEEKBLAD vir ons binnelandse stede en dorpe.
- Terselfdertyd 'n eersterangse NUUSWEEKBLAD vir ons uitgestrekte platteland.

Hoofredakteur: Mnr. Willem van Heerden, bygestaan deur mnr. J. F. van Huysteen, mnr. A. M. van Schoor, mnr. D. G. Richard, mnr. J. P. Vorster en 'n puik span Afrikaanse joernaliste en deskundige medewerkers.

# DAGBREEK

word deur die hele land versprei deur die C.N.A.

*Teken sonder versuim op bygaande vorm in en beoordeel self die blad.*

DIE SIRKULASIEBESTUURDER,
DAGBREEK-PERS BPK.,
Posbus 8161, JOHANNESBURG.

Stuur asseblief DAGBREEK vir 12 maande aan my, waarvoor ek 15/- hierby insluit.

NAAM: ..............................

VOLLEDIGE HUISADRES: ..............................

..............................

..............................

..............................
Handtekening

Intekengeld: 15/- vir 12 maande by u huis afgelewer binne die Unie en S.W.A.; elders 15/6.

Die O.B., 2/7/47

„DIE O.B.," WOENSDAG, 2 JULIE 1947

# Ceres — Kimberley

Die land het die afgelope week van twee onderwyserskongresse verneem — dié van die blanke onderwysers in Kaapland te Cers, en dié van die nie-blanke onderwysers te Kimberley. Behalwe die groot geskilpunt van salarisse waaroor daar op Ceres besluite geneem is, het die kwessie van politieke of burgerregte ook daar ter sprake gekom. Daar is naamlik onderwysers wat daarop aandring dat onderwysers ook toegelaat moet word om 'n mening oor politieke aangeleenthede in die openbare lewe te lug en prakties na te strewe. **So delikaat is hierdie aangeleentheid beskou dat die kongres liewer geen mening daaroor wou uitspreek nie en dit na die bestuur verwys het.**

Maar onderwyl die blanke onderwysers op hul kongres die blote reg van deelname aan politiek met groot huiwering bespreek het, het die kongres van die Kleurlingonderwysers die voorreg gehad om na 'n uiters belangwekkende politieke toespraak van hul voorsitter te luister en van hom die opdrag te kry om voortaan leiding te neem in die onderploeging van die blankedom in Suid-Afrika!

Indien hierdie kongres van kleurlingonderwysers verteenwoordigend was van 'n paar skole met 'n klein klompie kinders, sou dit al erg genoeg gewees het, **maar hulle verteenwoordig in werklikheid meer as die helfte van die 166,000 kinders in die kleurlingskole van Kaapland, behalwe ander nie-blanke skole in die land.** En die leiding wat, volgens die voorsitter, aan hierdie tienduisende kleurlingkinders gegee moet word, is dat die geleentheid aangebreek het vir die nie-blanke om die blanke heerskappy omver te werp.

Blanke onderwysers huiwer selfs om die versoek te stel dat hulle mag deelneem aan die konstitusionele speletjie waarin politieke partye beurtelings omvergewerp word. Dit is verbode in belang van die jeug en die opvoeding, so word gemeen. **Maar deelname aan die permanente omverwerping van die blankedom in Suid-Afrika is blykbaar toelaatbaar.**

Die feit dat hierdie kleurlingvoorsitter die vrymoedigheid het om sulke taal te besig en sulke opdragte te gee, **onder die bewind van 'n regering wat nie lank gelede nie hoë staatsamptenare uitgeskop het omdat hulle maar net lid was van die Broederbond wat dan Afrikanerheerskappy sou nastrewe, is al genoegsame bewys van die gesindheid van die huidige bewind** — ons hoef nie nog tevergeefs te wag op die stappe wat sekerlik sou gevolg het indien daardie toespraak op Ceres in plaas van op Kimberley gehou was nie.

**Vermeende Afrikanerheerskappy is genoegsame rede om onvervangbare amptenare uit te skop, maar brutale agitasie vir nie-blanke heerskappy is blykbaar toelaatbaar binne die onderwysberoep, en dit onder 'n bewind wat die bedreiging van die blankedom dan in so 'n ernstige lig glo beskou dat hy selfs bereid is om die skorriemorrie van Europa aan te karwei as versterking vir die blankes — „die goeies en die slegtes", het genl. Smuts mos gesê.**

## HY DEEL IN O.B. SE STRYD

**In antwoord op die oproep van dr. Erika Theron, hoofvrou van Gebied A. in verband met 8 Augustus, het 'n persoon uit Swaziland, mnr. J. W. Rautenbach, haar £2/10/- gestuur vir die O.B.-dagfonds met die woorde dat dit sy deel is vir die stryd van die Ossewabrandwag.**

**Waar mnr. Rautenbach is, bestaan die Ossewabrandwag nie. Dit was vir hom egter geen rede om passief te bly nie, en hy het uit sy pad gegaan om sy bydrae te lewer. Sy voorbeeld dien as spoorslag vir baie ander wat nader aan die stryd staan as hy.**

## S.A. Sakke In Wording

Nadat daar vyf jaar gelede met veseltoetse vir die vervaardiging van sakke in Suid-Afrika begin is, is hierdie bedryf tans besig om gevestig te raak en sal die hoofnavorsingstasie vir veselplante in Rustenburg setel. By die Sentrale Tabaknavorsingstasie word die nodige toerusting waaronder 'n aantal tenks vir die „los vrot" van die vesel reeds aangebring.

Die stasie doen tans proefnemings met sunnhennep, wilde stokroos en die roselle-plant. Die werksaamhede sal uitgebrei word tot alle veselplante. Proefnemings word ook gedoen vir die kweek van veselplante.

## TEMPO VERSNEL NA INSOLVENSIE

**Brittanje se finansiële posisie het die afgelope tyd so verswak dat hy dit nodig gevind het om nie minder as twee keer binne twintig dae groot happe uit sy Amerikaanse lening te byt nie. Dit het nou bekend geword dat Engeland op 20 Junie nogmaals verplig was om £25,000,000 van die lening te trek. Op 2 Junie het hy £25,000,000 van die lening aangevra, sodat hy sy krediet nou verteer teen 'n tempo van £75,000,000 per maand.**

**Die jongste trekking van Brittanje bring sy totale trekkings op £512,000,000 te staan sodat reeds meer as die helfte van die oorspronklike lening binne twaalf maande daarmee heen is. Dit laat 'n res van £425 miljoen krediet vir Brittanje om die volgende twee jaar te hou — oorspronklik is gemeen dat die lening drie jaar moes hou.**

# PARLEMENT VERGELYK MET SANNA EN ASSEGAAI

## Skerpe Veroordeling Deur Verslaggewer

**Dit is baie duidelik dat ons parlementslede, ons parlementêre prosedure en die werking van die veel geroemde demokratiese regeringstelsel versleg, of heeltemal stil gestaan het, sodat dit skoon agter geraak het by die volksontwikkeling. Die meerderheid van ons huidige parlementslede is ook onbekwaam vir die taak wat hulle moet uitvoer.**

**Tot hierdie gevolgtrekking kom 'n parlementêre verslaggewer mnr. Jac. Botha, in 'n artikel in die Engelse tydskrif, Spotlight, waarin hy pleit dat die stelsel afgeskaf word as dit ons ontwikkeling strem. Tydens die oorlog was hy ook oorlogskorrespondent.**

Die parlement en sy lede moet 'n geweldige teleurstelling wees vir diegene wat daarin slaag om die hoogste wetgewende liggaam in ons land te besoek. Die bewys hiervan is dat die publieke galerye altyd leeg is behalwe wanneer 'n groep skoolkinders 'n besoek aan die parlement bring, skryf hierdie parlementêre verslaggewer wat die parlement van naby leer ken het. Die mense bly nooit langer as vyf of tien minute nie of uiters 'n kwartier. Mens kan hulle ook nie kwalik neem nie.

Die skrywer kom tot die gevolgtrekking dat die parlementêre demokrasie uitgedien is en heeltemal verouderd geraak het. **„Ons moet 'n regeringstelsel vind wat beter by die volk van hierdie geslag en dié van die toekoms sal aanpas as die demokrasie. Om aan te neem dat 'n besondere stelsel nie kan en moet verbeter word nie, is blote kaf." Die oorlogstyd is verby toe elke sot wat hom 'n demokraat genoem het, 'n held was.**

### VYAND SE WAPEN

„Hoewel die laaste wêreldoorlog deur die demokrasie gewen is, is dit baie jare agter op die leer van ontwikkeling omdat die demokrasie tydens die oorlog van die wapen van die vyand gebruik moes maak." Om teen die leer op te kom is daar net een oplossing: die parlement en sy lede moet verbeter word, verklaar die skrywer.

Die kiesers word dag na dag wys gemaak hoe belangrik die parlement is en tydens verkiesings word geen geld gespaar nie. As die kieser dan die parlement besoek verkeer hy onder die indruk dat dit 'n belangrike liggaam moet wees.

Wanneer hierdie besoeker dan die parlement betree word alles van hom verwyder. Selfs sy koerant word weggeneem. Op sy vraag waarom dit so is, word hom vertel dat gevrees word dat die versoeking om te lees te groot mag word, en as hy dit doen is dit 'n belediging vir die raad.

### VULKAAN

Hy koester nog 'n hoë bewondering vir die parlement wanneer hy die banke betree. Ver onder hom sien hy die stoel van die Speaker. „Die meeste van die sitplekke is leeg, met groot stapels papiere daarop. Hy kan weens sy posisie slegs 'n paar lede sien; een van hulle is duidelik aan die slaap, die ander slenter rond."

**„Maar 'n verskriklike lawaai soos die uitbarsting van 'n vulkaan kom uit die dieptes. Weens die feit dat hy nie kan sien wat hier onder aangaan nie, sidder hy van verbasing omdat dit hom sterk herinner aan die lewendige veeveilings tuis. Dit is soos daardie dag toe 'n vriend hom na die Johannesburgse aandeelmark geneem het om te sien hoe sake op 'n besige môre verrig word. Toe kon hy ook nie die verrigtinge sien nie, maar kon alleen die lawaai hoor."**

### VORM VIER

Die debatte is van so 'n aard dat die Speaker die agbare lede gedurig daaraan moet herinner dat die taal wat hulle gebruik, hulle nie waardig is nie. Die atmosfeer wat daar heers gee die indruk van 'n klas vorm-vierkinders, verklaar mnr. Botha.

Hoewel die soort debatte waar hulle mekaar se persoonlike sake uitpluis lank aanhou, is dit nie die hoofoorsaak waarom daar so baie tyd gemors word nie. Die tyd word verkwis deur 'n nodelose gepraat en herhaling van dieselfde feite en gegewens deur verskillende lede.

„Ek voel dat vyftig persent van die tyd van die parlement elke sitting met voorbedagte rade verkwis word met herhalings deur lede wat nie weet wat hulle wil hê nie en nie in staat is om te sê wat hulle wil sê nie."

### TEEN DIE END

**Dit is alleen teen die einde van die sitting wanneer die lede moeg is dat daarin geslaag word om die wetgewing vlot te laat verloop. Hy spreek die mening uit dat belangrike wetgewing liefs teen die einde van die sitting ingedien moet word, wanneer die voor- en nadele verstandig deur 'n paar individue wat iets van die saak af weet behandel kan word."**

Dikwels word die tyd van die raad in beslag geneem deur persoonlike sake wat geopper word en wat miskien net in belang van een of twee persone is. „Maar hierdie tipe lid sal altyd 'n onbeduidende saak in die Huis ophaal sodat hulle na hul kiesers met 'n kopie van Hansard kan gaan as kinderagtige bewys van wat hulle gedoen het."

### AGTER GERAAK

**„Dit is baie duidelik dat ons parlementariërs, ons parlementêre prosedure en die praktyk van ons veel geroemde demokratiese regeringstelsel versleg het, of minstens heeltemal stil gestaan het, terwyl die volk vooruitgemarsjeer het." As demokrasie sinoniem met ondoeltreffendheid moet wees, is dit tyd dat ons dit afskaf, gaan die skrywer voort.**

„Die meerderheid van die lede van die huidige volksraad is nie opgewasse om die werk te doen wat van hulle verwag word nie, en baie is heeltemal onbekwaam om ook geskik te wees vir die taak van volksverteenwoordiging."

### SANNAS

**„Toe die eerste volksraad verkies is, het ons sannas en assegaaie gebruik om mekaar**

(Vervolg op bladsy 5)

## INTEKENING OP „DIE O.B."

● Daar baie offisiere dit moeilik gevind het om gereeld die intekengeld op „DIE O.B." in te vorder veral in die uitgestrekte afdelings, is besluit dat VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, na **30 Junie 1947, direk die intekengeld sal invorder.**

● Aangesien dit groter administrasiekoste meebring, sal die verminderde tarief van 6/- per jaar ongelukkig nie langer toegestaan kan word nie, en sal alle intekenare **die volle intekengeld van 10/- per jaar moet betaal.**

● Om dus seker te maak dat u die blad gereeld sal ontvang moet u onderstaande vorm sonder versuim voltooi en saam met die nodige intekengeld aan POSBUS 1411, KAAPSTAD, stuur.

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

DIE SEKRETARIS,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,
POSBUS 1411,
KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Ek het tot dusver „DIE O.B." deur middel van die kommando ontvang en neem daarvan kennis dat intekengeld vanaf 1 Julie 1947 regstreeks aan Voorslag (Edms.) Bpk., **vooruitbetaalbaar** is teen 10/- per jaar.

Gaan asseblief voort om „DIE O.B." aan my adres te stuur tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hiermee vind u die bedrag van..............................

vir......................jaar/e se intekengeld.

Naam: ..............................................................

Posadres: ..........................................................

..........................................................

..........................................................


.............................. ..............................

Datum Handtekening

## Dit Gebeur Ook

# Dodeliker as die Atoombom

**Die man op die foto beskik oor inligting in verband met 'n geheime wapen wat in Nu-Seeland voortgebring is, waarmee hy behulpsaam was en wat na gemeen word die dood deur middel van strale veroorsaak. Hy is James Snodgrass van Amerika. Die uitvinder is prof. T. D. J. Leech wat onlangs beloon is vir sy werk. By dié geleentheid het hy gesê dat die atoombom 'n lompe aanvalswapen is vergeleke met sy uitvindsel, waarvan die wêreld na 'n volgende oorlog sal verneem, indien daar weer oorlog kom**



## Nuttige Uitvindsels

Vir die gerief van die mensdom word nog steeds deur rustelose uitvinders gewerk. In Amerika is onlangs deur die patentekantoor aangekondig van 'n werktuig wat eiers in die dop klits; van 'n botteloopmaker wat verhinder dat warm bier by die bottel se bek uitborrel; van 'n lok-eend wat sy vlerke klap en sy nek draai, wat jagters kan gebruik om eende aan te lok; 'n toestel aan 'n motor wat 'n skril fluit gee as een van die bande 'n lek kry. Hierdie uitvindsels word al te koop aangebied.

## Predikant Met Klere

**In Kalifornië (Noord-Amerika) het verlede Sondag 'n nudiste-bruilof plaasgevind. Net die predikant het klere aangehad. Die bruidspaar en die 85 gaste, onder wie 'n kindjie van drie en 'n ouma van 55 jaar, was almal nakend. Die plegtigheid is in 'n „gesondheidskamp" voltrek.**

## Dokter

Die eerste Bantoe-vrou wat 'n mediese graad in Suid-Afrika verwerf het, is verlede week tot die mediese beroep toegelaat nadat sy aan die Witwatersrand haar graad behaal het. Sy is 'n Pedi met die naam Mary Malahlele.

(Vervolg van bladsy 4)

**dood te maak. Nou gebruik ons tenks, vliegtuie en atoombomme. Moet ons dan nog dieselfde soort volksraad kies met sy koffie-op-die-stoep-metodes?"**

**„As ons doeltreffendheid in ons handel en nywerheid, in die arbeid en ons beroepe eis, watter reg het ons om toe te laat dat die mees belangrike liggaam wat ons almal regeer, so ondoeltreffend, verkwistend en onopgeleid moet wees?"**

„Nie een van die huidige paar intelligente lede van die parlement sal ontken dat die liggaam ondoeltreffend is nie." Die skrywer stel voor dat daar reeds by die aanstaande verkiesing 'n beter tipe man verkies moet word. **Die beste man en vrou is nie diegene wat die beste kan stoom afblaas op 'n verhoog nie.**

## Wil Trou Met Prinses

„Ek is hier om met prinses Elizabeth te trou," het Albert Lang, 36-jarige ingenieur van New Jersey (Noord-Amerika) voorverlede week gesê toe hy in Londen met sy vliegtuig aangekom het. „Sedert sy vyf jaar was, het ek haar nog altyd in my drome gesien." Lang is beveel om na Amerika terug te gaan, aangesien hy nie die immigrasieraad tevrede kon stel nie. By sy aankoms in Amerika het hy gesê dat hy nog nie hoop opgee nie.

## £200 Per Dag Vir Naturel

**'n Inkomste van £200 per dag deur 'n naturel uit die verkoop van kruie en voorskrifte vir kruiebehandeling is in die hof in Pietermaritzburg aan die lig gebring toe 'n naturelle kruiedokter, Simon Benghu, 'n interdik teen sy bestuurder, 'n naturel met die naam Israel Alexander, ingestel het ten einde hom te belet om langer 'n aandeel in die besigheid te neem.**

Uit die getuienis het geblyk dat Benghu die besigheid van Alexander gekoop het vir £100,000 en dat hy dit in maandelikse paaiemente van minstens £200 moes afbetaal. Die inkomste daaruit het gemiddeld £200 per dag beloop.

## Seldsame Lof Vir Stiefmoeder

In Arizona is 'n man, William Jeffries, met sy stiefmoeder, Marguerite Jeffries, getroud. Die bruidspaar is onderskeidelik 56 en 49 jaar oud. Aan sy vriende het Jeffries gesê: „As sy vir my halfpad so goed is as wat sy vir my oorlede vader was, sal ek die gelukkigste man in die dorp wees."

## Onderwysers Staak Nie

Na ure-lange bespreking van stakingsvoorstelle het die onderwysers van Kaapland besluit om nie te staak nie. Hierdie besluit is verlede week deur die kongres van die S.A.O.U. wat op Ceres sitting gehad het, geneem. Daar is besluit om met dubbele ywer in die stryd te volhard vir die kerf-vir-kerf-aanpassing van hul salarisskale en 'n beroep te doen op openbare liggame en die provinsiale raad om hulle hierin te help.

In New York is onlangs 'n buro vir eensame harte gestig. Volgens 'n tradisie staan New York bekend as die eensaamste stad ter wêreld.

Hierdie nuwe onderneming, eiesoortig aan die Amerikaners, word beheer deur vooraanstaande New Yorkers wat nie geld vir hul dienste mag kry nie.

# NUWE KRISIS IN AMERIKA

'n Nuwe krisis in die ekonomiese lewe van Amerika het ontstaan weens 'n botsing tussen die kongres en pres. Truman, wat verskeie maatreëls in die afgelope week geveto het. Die belangrikste was die arbeidswetgewing wat onder meer 'n verbod op die geslote geledere-beleid in die vakbonde beliggaam het. Ná die veto van die president daarvan het die kongres die veto met twee-derde-meerderheid opgehef. Hierop het die werkers geantwoord met landswye stakings, veral in die steenkoolmyne, sodat teen verlede week reeds meer as 'n kwart miljoen steenkoolwerkers op staking was en Amerika se staalnywerheid 'n ernstige knou opgedoen het.


Hulle is hier—
Hulle is daar
Hulle is ORAL!




Daar is 'n groot vraag na Ronde Kommando in die stad rond
Hulle is koel, rook lekker met 'n eie geur wat hulle elke dag meer vriende besorg.

Kommando
RONDE - SIGARETTE

RH 2885



PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton



A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke


## KO-OPERATIEVE WIJNBOUWERS VERENIGING VAN ZUID-AFRIKA BEPERKT

(Geregistreer kragtens die Wet op Koöperatiewe Verenigings 1939)

# Verkiesing van Direkteure

### ROBERTSON-AFDELING

KENNIS geskied hiermee dat, kragtens die magte deur Artikel Nr. 69 van die Regulasies van die Vereniging aan hom verleen, die Voorsitter by die Algemene Jaarvergadering van lede gehou te PAARL op 18 Junie 1947, besluit het om op WOENSDAG, 16 JULIE 1947, 'n stembus te hou vir die verkiesing van TWEE DIREKTEURE vir die ROBERTSON-AFDELING in die plek van mnre. SYDNEY EARLE WARREN en JOZEF ADRIAAN VAN EEDEN W./Seun, wat by genoemde Jaarvergadering om die beurt afgetree het, maar herverkiesbaar is en hulself weer verkiesbaar gestel het, en dat hy my terselfdertyd benoem het om namens hom as Stembeampte by sodanige stembus op te tree.

Die volgende here is op genoemde Jaarvergadering wetlik vir verkiesing genomineer en het hul bereidwilligheid, om verkies te word, te kenne gegee:—

KLOPPERS, Gabriel Jacobus, Clairvaux, Robertson.
VAN EEDEN, W./Seun, Jozef Adriaan, Vinkrivier, Robertson.
WARREN, L.V., Sydney Earle, Posbus 41, Robertson.

Vir die gerief van lede sal stemburo's vanaf 9 v.m. tot 5 n.m. in die volgende wyke van die afdeling oop wees, nl.:—

1. ROBERTSON: In die Stadsaal.
2. LANGVLEI: By die winkel van „Cape Lime Company Ltd."
3. KLAASVOOGDS: Op die plaas van mnr. W. M. Rabie, „Rietvlei."
4. GOUDMYN: Op die plaas van mnr. P. H. Schoeman, „Schoemanshoek."
5. BOESMANSRIVIER: By die winkel van mnr. M. J. Meiring op die plaas „Langverwacht."
6. McGREGOR: In die besigheidsgeboue van mnr. A. Z. Auret.
7. AGTERKLIPHOOGTE: Op die plaas van mnr. J. T. Rabie, „Wansbek."
8. DREW: By die winkel van mnre. Coetzee & Kie.
9. BONNIEVALE: By die dorpsbestuursaal.
10. SWELLENDAM: In die Stadsaal.
11. HEIDELBERG: In die kantoor van Prokureur H. v. Z. Steyn.

Slegs lede van die Vereniging wat op 31 Desember 1946 as sulks geregistreer was en wat gedurende 1946 in bogenoemde Afdeling geproduseer het, sal geregtig wees om te stem.

Die telling van stemme sal om 2.30 n.m. op **Donderdag, 17 Julie 1947,** by die **Hoofkantoor** van die Vereniging te **Korporasiestraat, Zuider Paarl,** plaasvind, en die volgende here is as stemopnemers benoem, nl.:—

1. Mnr. J. B. LE ROUX, Montana, Zuider Paarl.
2. Mnr. S. F. MALAN, Brandwag, Riebeek Wes.

H. F. THERON,
Vise-Voorsiter en Stembeampte.

Geregistreerde Kantoor:
Korporasiestraat, Zuider Paarl.
24 Junie 1947.

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT „DIE O.B.," VAN WOENSDAG, 2 JULIE 1947

# ONS TAAL IS ONS KRAG

## HOU DIT SUIWER

**Taal is een van die sterkste bande wat 'n volk een maak en een hou. Hierdie eenheidsband snoer honderde, ja miljoene, geestelik saam tot een geheel. 'n Volk se taal is die kanaal waardeur talle volksgenote, elk met 'n eie persoonlikheid, eenheid kan vind.**

Maar die sterkste van die taal as eenheidsband hang af van die suiwerheid van die taal. En juis hier lê die taak van elke volksgenoot, om sorg te dra dat hy sy eie taal so suiwer hou dat daardie eenheidsband daardeur versterk word.

ELKEEN AFSONDERLIK

**Ons Moedertaal, Afrikaans, was en is nog altyd ook vir ons volk 'n bron van krag en samesnoering. Deur ons taal wat saam met ons volk gegroei het, het ons nog altyd in die verlede by mekaar krag geput. Ons was een as iemand dit durf waag om ons erfenis aanstoot te gee of te probeer ondermyn. Daarom het ons taal ook sover behoue gebly.**

Maar het ons ons Afrikaanse taal beskerm wanneer ons alleen staan? Ja, mag ons antwoord, niemand het durf waag om my Afrikaanse taal in my teenwoordigheid sleg te maak nie. Baie mooi, maar het ek al daaroor gedink dat ek dit self mag skade doen.

**Daagliks hoor ons hoedat ons eie Moedertaal deur Afrikaners verbrou word deur die slordige gebruik van vreemde on-Afrikaanse woorde in hulle gesprekke.** Hoor ons nie elke dag hoedat ek my „ruler" en „pencil" daar op die „desk" vergeet het nie. En hoedat my „bicycle" se „brieke" nie wou vat toe ek die anderdag in die „baaiskoup" gaan „flick" het — jy weet mos die dag toe jy daardie nuwe jersey aan gehad het en jy vir my „Cheerio" — of „Goodbye" — geskreeu het.

ONS TAAK

Net sowel as 'n suiwer taal die krag van 'n sterk eensgesinde volk openbaar, so sleep die slordige ongedissiplineerde gebruik van 'n volk se taal so 'n volk na onder.

**Watter reg het ons om te protesteer dat Engels in ons kele „afgedruk" word deur dubbelmedium-onderwys en wat nog, as ons self besig is om ons taal deur slordigheid te verswak. Nog nooit is 'n volk se taal deur regulasies uitgeroei solank so 'n volk aangehou het om sy taal te handhaaf, en suiwer te handhaaf nie. Niemand kan jou taal van jou wegneem nie — dit is jou eie. Deur gebruik word dit sterker, nie vernietig nie.**

Hoe maklik verkoop ons ook nie ons taal deur liewer die vreemde te wil praat nie. Al is dit dan maar net 'n ge-„yes" en ge-„no", maar ons moet tog sorg dat ons aansien by ons medemens hoog gehou word. Ek gesels maar met „Mrs." Smit Engels anders dink sy netnou ek hou my snaaks — dit doen tog geen afbreuk aan my nie. En hierdie vorm wat ek moet invul, skryf ek maar in Engels anders verstaan hulle netnou nie wat ek sê as ek Afrikaans skryf nie. En as ek nou die skryfblok moet gaan koop vra ek maar vir 'n „raaiting ped" anders weet hulle nie wat ek wil hê nie.

Boerejeug, so help ons nie ander om ons beter te verstaan nie. So doen ons mee om onsself bespotlik te maak en ons eie vir 'n vreemde uit te ruil.

**As jeug van die Afrikanervolk rus daar op elkeen van ons die groot taak om daardie lieflike taal wat ons ouers help skep en behou het, suiwer te hou. In ons taal lê daar 'n sterk band om ons Volk vir die toekoms heel te hou. Dis ons plig om daardie band sterker te maak deur te erken en te bewys dat ons net een taal besit, AFRIKAANS.**

# Kaartwerk

Verlede keer het ons die rigting van die eerste straat wat die grens van ons opmeting sal vorm, met die kompas vasgestel en die lengte afgetree. Onthou julle, dit was 25 grade Noordwes en 200 tree lank. Terwyl ons langs hierdie straat gestap het, het ons op 100 tree afstand oor 'n watervoor en bruggie gegaan. Hierdie besonderhede teken ons op die skets aan.

Ons staan nou by punt B. Die huis hier op die hoek moet ons ook aanteken. Kry 'n voorwerp aan die einde van die pad en kyk dan in watter rigting die pad loop. Ons kompas sê: N.O. 40 grade. Trek weer 'n streep op jou papier van punt B na C (sien my skets) en skryf die rigting langsaan in. Ons tree die pad af. Op 50 tree kom ons 'n klipmuur teë wat ons aanteken. Kry gou sy rigting en afstand en skryf dit neer. Ons kom nou weer pad-toe en stap verder. Die lengte van die pad B-C is 150 tree.

Die rigting van pad C-D is direk Oos en 100 tree lank. Hier op hoek D is 'n kerk met sipresbome omring en daaragter die kerkhof. Teken dit op jou skets aan.


Op dieselfde wyse kry ons ook die rigting van pad D-E en E-A. Onthou om elke keer die bruggie, klipmuur, Poskantoor, ens. wat jy verbyloop as jy die lengte van die pad aftree, op die skets aan te teken. As julle reg gemeet het, sal julle nou op dieselfde plek staan waar ons begin het (aanvangspunt).

Voor julle op die papier sal 'n rowwe skets wees van die hele terrein en omgewing waarlangs julle geloop het. Dit sal amper soos bygaande voorbeeld lyk. Hierdie skets wat ons somar rof aangeteken het, noem ons die veldskets.

Dit is natuurlik nie nodig dat die besonderhede in die vorm van 'n skets op ons papier aangeteken word nie. Ons kan net die besonderhede neerskryf, soos ek gedoen het.

Wanneer ons dan die besonderhede het kan ons na ons werkkamers teruggaan en die skets netjies oor teken. Volgende keer sal ons sien hoedat ons te werk moet gaan. Voorlopig moet julle 'n stukkie geruite papier, liniaal, sagte potlood en gradeboog gereedhou.

Veldskets




of net die — Besonderhede.

A-B = N.25.W/200tr. Huis in hoek A met wingerd omring. Grens-watervoor 100tr. bruggie onder pad.
B-C = N.40.O/150tr. Huis in hoek B. Gras rondom. By 50 tree klipmuur om kerkhof Rigting 100 tree S.30.O.
C-D = Oos/100tr. Kerk in hoek D. Omring met Sipres-bome.
D-E = S.10.O./230tr. Bruggie onder pad 100tr. Kerkhof-klipmuur by 150 tree. Rigting: 100 tree Wes.
E-A = S.70.W./152tr. Poskantoor in hoek E. Tralieheining by 75 tree — ontmoet hoek van kerkhofmuur.

# 8 AUGUSTUS NADER

Gaan Fondsdag u betrap voor u besef dis al Augustus? Wellington se Boerejeug sê NEE!

**Hierdie afdeling gio daarin om reeds voor Augustus soveel fondse as moontlik bymekaar te kry.** Soms verkoop hulle blomme wat sommige van die brandwagte bring, en op 12 Junie het hulle weer 'n gesellige aand gereël waarheen die groot O.B. ook uitgenooi is. Hiervoor is die banketsaal van die stadsaal gehuur. Hoofgeneraal Max Smuts was teenwoordig en het die eienskappe van die ware brandwag aan die jeug voorgehou: iemand wat altyd op sy pos is!

Ses Boerejeuglede is ingelyf, musiek, sang en voordragnommers is gelewer, en die Boerejeug het ook gesamentlik gesing: „Ons is Kamerade" en „Opsaal Boere!"

Na afloop van die programmetjie moes die Boeredogters net wakker loop om almal met koffie, poeding, koek, ens., te bedien. Verder is tuisgemaakte lekkers, rosyne, en 'n paar artikels verkoop. Die seuns het ook gladnie lyf weggesteek nie! Asst.-veldkt. Dan du Toit het 7/- gemaak deur iets te laat betaal vir enigeen wat sy pragtige versameling insekte wou sien. Na aftrek van alle onkoste was daar £5 skoon wins oor. Mooi so, Boerejeug!

Die Boerejeug se hartlike dank aan die O.B.-vroue wat so fluks hand bygesit het agter in die kombuis, aan Komdt. C. du Toit wat aan die begin almal verwelkom het, en Oom Koos Retief wat die Boerejeug ook baie na aan die hart dra en met gebed geopen het.

# VIR DIE BOERE-SEUNS

Hoe kan ons help met die insameling van gelde op 'n Fondsdagfunksie? Het jy al aan die volgende gedink? Kom ons probeer dit hierdie keer.

1. Skyfskiet (natuurlik eerste); 2. Ringbord; 3. Pylskyfgooi; 4. Jukskei-speel; 5. Houtbottels met 'n bal van 'n rak gooi of met 'n voëlrek afskiet; 6. Bagatel-tafel; 7. Vark se stert aansteek; 8. Aantal boontjies in 'n bottel raai; 9. Eie telegramdiens op 'n funksie instel; 10. Koeldranke verkoop; 11. Eie handwerk verkoop.

Kyk aan hoeveel julle nog kan dink. Vir deelname aan die sykraampies word natuurlik 'n footjie gevra en aan die einde van die funksie word 'n prys aan die persoon met die hoogste aantal punte, uitgereik.

## Besit Jy Al Een Hiervan?

| | |
|---|---|
| **K.G.-knopies** ... ... ... ... | **9d.** |
| **K.G.-portrette** ... ... ... ... | **1/-** |
| **Boerejeugkentekens, 12 dm. x 14 dm.** ... ... ... | **2/6** |
| **Handleiding vir Offisiere (Doel, Organisasie, ens)** | **6d.** |

**Bestel by —**
**BOEREJEUG-HOOFKWARTIER**


## VELDKORNETTE ! !

**Veldkornette(s) word daaraan herinner dat hulle rapporte vir die kwartaal wat op 30 Junie geëindig het, hulle Jeugkommandante(s) nie later as 10 Julie moet bereik nie. Stuur u verslag dus dadelik. Rapportvorms is by die Jeughoofkommandant verskrygbaar.**

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**
**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**


**SPIERE SOOS STAAL**



**Christie Roets**

Afrikaners, wil u 'n mede-Afrikaner 'n kans gee? Het u 'n gimnasium of wil u een begin? As u 'n instrukteur of assistent nodig het — skryf aan **CHRISTIE ROETS.** Hy het kursusse voltooi in: Gesondheidsleer, Liggaamsopvoeding, Gewigoptel en Stoei.

**Adres: „SMALDEEL," P/s ALPODAL, oor VRYBURG, K.P.**



# KOMMUNISTIESE AANHITSING IN BALKAN

**Die V.V.O. se kommissie van ondersoek na aangeleenthede in die Balkanlande het Joego-Slawië, Albanië en Bulgarye daarvan beskuldig dat hulle burgeroorlog stook in Griekeland. Die kommissie het voorgestel dat die V.V.O. ingryp.**

Voorts het die kommissie bogenoemde lande daarvan beskuldig dat hulle vlugtelinge uit Griekeland vir guerilla-oorlog oplei, hulle van wapens voorsien en dan na Griekeland terugstuur om daar aan die oorlog deel te neem.

Rusland sowel as kommunisties beheerde Pole het sterk beswaar aangeteken teen hierdie bevinding en verklaar dat dit onwaar is. Hulle is ook gekant teen die voorstelle om teen die Balkan op te tree.

**Toe die kommissie se subkomitee Bulgarye wou binnegaan, het die Bulgaarse regering sowel as Rusland beswaar daarteen gemaak. Die kommissie het egter opdrag gegee om die grens oor te steek ten spyte van die weiering.**

Die V.S.A. is, na berig word, van voornemens om drastiese stappe, waarby militêre optrede nie uitgesluit is nie, te eis teen die Balkanlande wat hulle aan opstokery teen Griekeland skuldig maak.

## VERRAS

**Die Westerse moondhede is in 'n taamlike verleentheid gebring toe Rusland verlede week ewe skielik aangekondig het dat hy die uitnodiging om in Parys saam met die Franse en Britte oor die Marshall-plan vir redding van Europa te beraadslaag, aanneem, nadat die Russiese pers reeds die plan verwerp en Bevin hom baie sterk teenoor Rusland uitgelaat het. Die samesprekings het verlede Vrydag begin. Die foto toon Bevin (Brittanje) en Bidault (Frankryk) wat die konferensie gelei het.**

## Wil Petrol Rantsoeneer

Amerikaanse maatskappye het aangekondig dat die vraag na petrol so groot is dat hulle nie daarin kan voorsien nie en dat hulle petrol tydens die somermaande, Julie en Augustus sal rantsoeneer. Hierdie maatskappye verkoop tans 13 per sent meer petrol as 'n jaar gelede.

**G. A. FICHARDT, Bpk.**
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
**MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS**
Foon 790 Opgerig 1848
**BLOEMFONTEIN**

## *Die Parlementêre Front*

# Jode Soek Toenadering

Die twee politieke partye het die afgelope weke die verkiesingslug in die neuse gehad na aanleiding van die bedanking van mnr. Wolmarans uit die Verenigde Party. Die Transvaler het die name van verskeie Afrikaanssprekende Sappe genoem as mense wat nou onwelkom in die Ver. Party moet wees en daaruit sal moet bedank, indien die regeringspers konsekwent wil wees in sy veroordeling van mnr. Wolmarans. Hierop het 'n reeks ontkennings van die betrokke L.V.'s gevolg. Van regeringskant weer is die name van H.N.P.-L.V.'s genoem, o.a. dié van adv. C. R. Swart, mnr. J. G. Strydom en mnr. Eric Louw as ontevredenes met dr. Malan wat dan uit die H.N.P. sou wil tree. Ook dit is opgevolg deur ontkennings.

A.P. GROEI

**Inmiddels het die Afrikanerparty buitengewone vordering in Transvaal en veral aan die Rand aangekondig met die stigting van takke.** Hierdie geweldige uitbreiding van die A.P. het blykbaar vir adv. C. R. Swart aanleiding gegee om 'n kragtige pleidooi vir samesmelting van die twee partye te lewer. Adv. Swart meen dat die regeringspers enersyds die samewerking in gevaar stel deur 'n wig tussen die twee partye te probeer indryf, terwyl ook mense „buite die regeringsparty" die toestand „uitbuit."

JOODSE POGING

Afgesien van hierdie bedrywighede het 'n aantal Jode hulle in die jongste tyd besonder aktief gehou in 'n poging om die H.N.P. tot 'n beter verstandhouding met die Jode te beweeg.

Volgens 'n berig in die Jewish Times van 6 Junie was daar 'n briefwisseling tussen mnr. J. Nossel en dr. Malan na aanleiding van laasgenoemde se verjaarsdag. Dr. Malan is naamlik geluk gewens deur mnr. Nossel, en in sy antwoord het eersgenoemde waardering uitgespreek vir die pogings wat mnr. Nossel aanwend vir 'n beter verstandhouding tussen die H.N.P. en die Jode.

**Volgens die berig het mnr. Nossel ook 'n telefoniese versekering van dr. Malan ontvang dat sekere takke van die H.N.P. in Kaapland die opheffing van die verbod op Joodse lidmaatskap sal voorstel, en dat mnr. Weichardt sy goedkeuring daaraan geheg het.**

RAADSLID FRANK

Daar sou, volgens die berig, ook 'n samespreking plaasgevind het tussen sekere H.N.P.-L.V.'s en raadslid I. Frank, waarby ook rabbi dr. M. Romm teenwoordig was. Aan die ander kant is Joodse kringe taamlik onthuts oor hierdie vryery met die H.N.P. deur 'n deel van hul rasgenote, en word dit beskryf as 'n spelery met vuur.

**Raadslid Frank het 'n toer deur die Noordweste voltooi en met baie Nasionaliste in aanraking gekom. Hy was so tevrede daarmee dat hy 'n verdere reis deur ander distrikte gaan onderneem. Raadslid Frank oorweeg glo die loodsing van 'n beweging om 'n Afrikaanse leerstoel in Jerusalem daar te stel.**

# Japan Begin Handel Dryf

Die eerste na-oorlogse besending uit Japan na ander lande het Engeland bereik. Twee-en-dertigduisend jaarts materiaal van Japanse fabrikaat het verlede week in Manchester geland. Die besending moet vergoed vir die verlies wat die Britse nywerheid gely het tydens die onlangse steenkoolkrisis.

# Johannesburg Hanteer £10,000,000

Die munisipale uitgawes van die stad Johannesburg het die afgelope nege jaar met nie minder nie as vyf miljoen pond gestyg sodat die uitgawes vir die huidige boekjaar op £10,000,000 te staan kom.

Die skenkings ten opsigte van onderwys wat die stadsraad moet doen, is meer as £77,000.

Die geweldige omvang van die finansies van die munisipaliteit Johannesburg onderstreep die noodsaaklikheid vir 'n vervanging van die huidige brokstelsel van veelvuldige en eldydse plaaslike besture deur 'n eenheidstelsel met deskundige bestuur.

## *ETE IN DIE VRIENDSKAPSENTRUM*

Die Vroue-kommando van Groote Schuur onder leiding van komdte. M. C. Pienaar, bedien aanstaande Vrydag, 4 Julie, weer 'n heerlike ete in die Vriendskapsentrum op die sesde verdieping van die Groote Kerkgebou. Dit is 'n maandelikse instelling vir die eerste Vrydag van elke maand.

## FUNKSIE BY MELKBOSSTRAND

Die Christiaan de Wet-kommando van Brooklyn hou op Saterdag, 5 Julie, 'n geselligheid in die Pawiljoenteekamer, Melkboschstrand. Daar sal opgewekte boeremusiek wees. Die funksie begin om agt-uur. Almal word vriendelik uitgenooi om 'n gesellige aand deur te bring.

## Britse Motors Dalk Groter


Die Britse fabrieke gaan waarskynlik nou groter motors bou ten einde te kan meeding op die wêreldmark teen Amerikaanse fabrikante. In die verlede het die Britte hulle toegelê op klein motortjies omdat die belastingstelsel gegrond was op die aantal perdekrag van die motor. Gevolglik is die perdekrag so laag as moontlik gehou. Tans word daar 'n belasting van £10 per motor gehef ongeag die grootte van die motor, en bestaan die verwagting dat die fabrieke sal oorgaan tot die bou van groter motors vir uitvoerdoeleindes hoofsaaklik, aangesien die Britte nog steeds belet word om Britse motors te koop vir binnelandse gebruik met die oog op Brittanje se swak ekonomiese toestand.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

*INTENSIEWE LANDBOU!*

**ROTOTILLER**

- SAADBEDDINGS
- KWEKERYE
- BOORDE
- WINGERDE
- LUSERNLANDE




- GROENTE
- BLOMME
- TUINE, ENS.

- Die ROTOTILLER se Krag-aangedrewe Chroom-Vanadium-Staaltande berei IN EEN OPERASIE 'n beter Saadbedding as 'n Ploeg, Eg en Skotteleg in drie afsonderlike Operasies.
- Die ROTOTILLER werk Plantegroei, Groenbemesting, Mis, Strooi, ens. deeglik in oor die HELE DIEPTE van die Saadbedding.
- Die ROTOTILLER vorm 'n Saadbedding ryk aan HUMUS, LUGTIG en VOGBEHOUDEND sonder Sooie of Kluite.
- Sny 20 of 26 duim — wyer as 'n Tweeskaarploeg — tot 9 duim diep. Bewerk selfs nuwe Grond.
- IDEAAL VIR ALLE INTENSIEWE LANDBOU
- PRYS SLEGS £165 AAN DIE KUS.

Volle Besonderhede van Distribueerders:—

KAAPLAND EN O.V.S.:

**Die W.G.A. Bpk.**

**Bus 1449, Kaapstad**
**Bus 765, Port Elizabeth**
**Bus 209, Oos-Londen**

TRANSVAAL EN NATAL:

**D. J. J. BEKKER (Edms.) BPK., Marshallstr. 104, Johannesburg**